sapapers.co.za


**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**Graad 10** **31 Mei 2019**

**Tyd: 2 uur** **Punte: 70**

**Eksaminatrise: Mev. Oellermann**

**Moderatrises: Mev. Johnston / Mev. Malherbe**

**......................................................................................................................................**

**Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.**

**LEES ASSEBLIEF DIE ONDERSTAANDE INSTRUKSIES MET AANDAG DEUR.**

**Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.**

- **Afdeling A: 3 x Begripstekste (30 punte)**
- **Afdeling B: Taalvaardigheid en Kommunikasie (30 punte)**
- **Afdeling C: Poësie (10 punte)**

**1. Beantwoord asseblief ELKE vraag.**

**2. Begin ELKE VRAAG op 'n nuwe bladsy.**

**3. Geen Engelse woorde sal gemerk word nie.**

**4.. Skryf asseblief netjies en nommer elke vraag soos op die vraestel.**


# LEKKER SKRYF, LIEWE MEISIES.

AFDELING A LEESBEGRIP

VRAAG 1 TYDSKRIFARTIKEL

Lees die artikel sorgvuldig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**REFENTSE MORAKE**






**Bron: Google prente**

## Besig om sy eie pad in Afrikaans oop te sing!

*˝Kyk of jy vir my die son kan vang*

*Daar's 'n kamer in die huis waar ons die son kan hang …"*

1 Dit is die woorde uit die liedjie *Sonvanger*, soos nou ook gesing deur die nuweling, Refentse Morake. Hierdie talentvolle Afrikaanse musieksensasie se storie is 'n ware voelgoed-verhaal. Dit is ook die verhaal van sukses wat op sosiale media ontstaan het.

2 Refentse het kleintyd by sy ouma gebly en sy ouers net gedurende naweke gesien. Alhoewel niemand in sy familie Afrikaans kon praat nie, het sy ouers hom na 'n Afrikaanse laerskool gestuur. Sy ouers en sy ouma het hom na Afrikaanse liedjies laat luister, sodat hy die taal kon leer. Só het Refentse 'n liefde vir die taal ontwikkel.

3. Refentse was later 'n leerder aan Vereeniging Gimnasium. Hy het in die skool- en die streekjeugkoor gesing en aan verskeie kunswedstryde deelgeneem. Dis hier waar mense begin agterkom het dat hy baie goed kan sing.

4. 'n Hoogtepunt van sy skoolloopbaan was toe hy tot onderhoofseun verkies is. Hy het dit glad nie verwag nie. Hy het hierdie taak ernstig opgeneem en onder

andere ŉ plan beraam om rokery by die skool stop te sit.

5. Op sy sewentiende verjaarsdag het Refentse in die tuin by sy ouerhuis in Unitapark kitaar gespeel en gesing toe Cecilia Kruger toevallig daar verbygeloop en hom hoor sing het. Sy het ŉ video met haar selfoon opgeneem en het vir Refentse gevra of sy dit op Facebook kon plaas. Refentse het ingestem, maar nooit gedink dat dit die begin van sy musiekloopbaan sou wees nie. Op daardie stadium wou hy nog ŉ prokureur word.

6. In April 2015, kort nadat Refentse en sy musiek op Facebook geplaas is, het hy voor Spur in Oudtshoorn gestaan en sing tydens die Klein-Karoo Nasionale Kunstefees. (KKNK). Daar het Karen Zoid, bekende Afrikaanse rockster, hom ook gesien. Sy het hom genooi om daardie aand saam met haar by een van haar konserte op te tree. Vir Refentse was Zoid 'n kunstenaar sonder gelyke.

7. Sy ouers is sy rolmodelle. Refentse is ook baie lief vir sy ouma. Hy sê dat hy by haar twee belangrike lesse geleer het, naamlik om altyd hard te werk en nooit te dink dat jy beter as ander mense is nie. Met elfjarige tweelingboeties en 'n ses-jarige sussie in die gesin, het hy geleer dat alles nie altyd net om hom draai nie. Hy maak egter nie 'n geheim daarvan dat sy kleinsus sy hart se punt is nie.

8. Refentse wil nie net mooi liedjies sing nie. Hy hoop dat mense deur sy musiek van hulle verskille sal vergeet.

(Woorde:458) (Verwerk uit *Finesse*, Volume 1, Uitgawe4 2016)

1.1 Refentse sing verskillende Afrikaanse treffers. Noem EEN van hierdie liedjies wat in die leesstuk genoem word. (1)

1.2 Haal EEN woord uit paragraaf EEN aan wat beteken dat baie mense nou van Refentse se talent weet. (1)

1.3 Refentse se ouers en sy ouma het gehelp dat Refentse vir Afrikaans lief

geraak het. Noem TWEE dinge wat hulle gedoen het. (2)

1.4 Lees die stelling hieronder en kies die **KORREKTE** antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die alfabetletter neer.

1.4.1 *Refentse het met die hulp van tegnologie suksesvol geword.*

A Refentse is bekend omdat hy baie op Whatsapp is.

B Refentse het baie volgelinge net op Instagram.

C Refentse het deur sosiale media bekend geraak.

D Refentse is in ´n film op Youtube gesien. (1)

1.5 Aan watter skool het Refentse gematrikuleer? (1)

1.6 Watter skoolprobleem het Refentse as onderhoofseun help oplos? Haal net die **woord** aan. (1)

1.7 1.7.1 Stem jy saam met die volgende stelling? Sê Ja of Nee.

*Refentse het nie verwag dat hy deur Facebook bekend sou word nie.* (1)

1.7.2 Haal **twee agtereenvolgende woorde** aan om jou antwoord in 1.7.1 te motiveer. (1)

1.8 Wat wou Refentse na skool gaan studeer? (1)

1.9 Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die vraagnommer en die alfabet-letter neer.

*Refentse beskou Karen Zoid as ˝n kunstenaar sonder gelyke.“* (Reël 27)

Hieruit kan ons aflei dat ...

A geen ander kunstenaar so goed soos Karen Zoid is nie.

B die ander kunstenaars hom ook soos Karen Zoid sou help.

C geen ander kunstenaar so baie geld soos Karen Zoid maak nie.

D die ander kunstenaars hulle sukses aan Karen Zoid te danke het. (1)

1.10 By watter jaarlikse fees is Refentse werklik ontdek? (1)

1.11 Kies die KORREKTE woord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.11.1 Refentse se ouma het vir hom geleer dat 'n mens nooit moet dink jy is

beter as ander mense nie. Sy het hom dus geleer om **(idealisties / nederig)** te wees. (1)

1.12 Haal VYF AGTEREENVOLGENDE WOORDE uit paragraaf 7 aan wat bewys wie in Refentse se **gesin** sy **gunsteling** is. (1)

1.13 Dink jy het Refentse het 'n goeie doel met sy musiek? Hoekom sê jy so? (1)

**15 punte**




**Bron: Google Prente**

VRAAG 2 ADVERTENSIE

Bestudeer die onderstaande advertensie en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.




(70 woorde) **Bron: https://www.google.com/search?q=voorblaaie+vir+sarie&tbm**

2.1 Watter **tipe kos** kan vir verskillende maaltye geëet word. Noem net EEN woord. (1)

2.2 Waarom kan ´n mens sê dat yskastert die **belangrikste item** op hierdie voorblad is? (1)

2.3 Lees die onderstaande stelling en kies dan die antwoord wat die BESTE daarby pas. Skryf net die vraagnommer en die alfabetletter neer.

*Mielies is ´n kossoort wat geadverteer word omdat dit …*

A net die beste met vetkoek proe.

B *Sarie Kos* se gunsteling graansoort is.

C in seisoen is en dit is goedkoop.

D moeilik is om te kook. (1)

2.4 Wat is die slagspreuk van die Sarie-KOS? (1)

2.5 2.5.1 Antwoord WAAR / ONWAAR op die volgende stelling.

*Sarie Kos adverteer amper net Suid-Afrikaanse geregte.* (1)

2.5.2 Haal **drie woorde** aan om jou antwoord in 2.5.1 te bewys. (1)

2.6 Gee TWEE redes waarom lesers van die ˝ete vir 4“ sal hou? (2)

2.7 Na watter **land** kan jy met ´n skip gaan om lekker te gaan eet? (1)

**9 punte**

VRAAG 3 VISUELE BEGRIP - SPOTPRENT

Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.




**Bron: Google**

3.1 Voltooi die volgende sin deur die gepaste woorde in te vul.

Die dogtertjie (A) sit op die swaai met haar 3.1.1 ...... op haar skoot. Sy lag so hard dat jy haar 3.1.2 ...... kan sien. Die klein seuntjie (B) sit op die sand en speel met sy 3.1.3 ....... . Die groter seun (C) het sy 3.1.4 ......... agterste-voor op sy kop gesit. (4 x ½=2)

3.2 Waarom sê die seuntjie (B) dat sy pa **ryk** is omdat hy sy kar se tenk vol petrol gemaak het? (1)

3.3 Watter **visuele leidraad** is daar wat wys dat seun (C) vir die somer aangetrek is. Noem EEN ding. (1)

3.4 Haal **een woord** aan wat daarop dui watter toestel/diens ´n mens nodig het om baie TV-kanale te hê. (1)

3.5 Noem die **plek** waar die kinders speel. (1)


**6 punte**

**AFDELING A: 30 PUNTE**

AFDELING B TAALVAARDIGHEID

VRAAG 4 SINSTRUKTURE

Bestudeer die onderstaande strokiesprent en voltooi die sinne soos aangedui.




(Verwerk uit: thecomicstrips.com)

4.1 Zits praat met sy pa wanneer hy skool toe bestuur.

**Verlede week …** (2)

4.2 Zits het vir Pa gesê: ˝Pa, ek wil hier uitklim“.

**Zits het vir Pa gesê dat ...** (1)

4.3 Zits pak vanoggend sy reënjas in sy skooltas.

**Sy reënjas ...** (1)

4.4 Zits is´n tiener wat oor sy pa se voorkoms ontsteld is.

**Jare gelede ...** (1)

4.5 Pa trek so snaaks aan. Zits is tog lief vir hom.

**Alhoewel …** (1)

4.6 Die SJS koshuismeisies het die geselsies met hul ouers gemis.

**Nou ...** (1)

4.7 Het Zits alreeds by die skool aangekom?

**Nee, …** (1)

4.8 Die pa moet sy seun verstaan.

**Die pa behoort ...** (1)

4.9 Wanneer die SJS-meisies skool toe ry, sit en gesels hulle.

**Verlede Maandag ...** (2)

4.10 Zits sal later sy pa se oefenklere wegsteek.

**Sy pa se oefenklere …** (1)

4.11 Zits behoort elke dag skool toe te stap.

**Zits hoef nie ...** (1)

4.12 Skryf die volgende sin oor in die korrekte WOORDORDE. Skryf die sin uit.

Die pa, vanoggend, het, hom, by die skool , afgelaai, vinnig.

Begin so ...

**Die pa ...** (1)

4.13 Die pa vra:˝Is dit nog ver skool toe?“

**Die pa vra...** (1)

4.14 Die pa klim uit die motor en Zits raak paniekerig.

**Die pa klim uit die motor daarom ...** (1)

**16 punte**

VRAAG 5 WOORDSTRUKTURE

Lees die paragraaf wat op die foto's gebaseer is deur. Doen dan elke keer wat tussen hakies gevra word. Skryf net die nommer en korrekte antwoord in EEN KOLOM onder mekaar neer.



Bron: www.stjohnsdsg.com

Almal stem saam – St John's DSG is 'n 5.1 **(wonderlik – gee die korrekte vorm van die woord)** skool en almal is 5.2 **(baie gelukkig - gee die intensiewe vorm)** om hier te wees. Van 5.3 **(klein af / kleins – kies die korrekte woord)** af word ons 5.4 **(goed – gee die vergrotende trap)** as op enige ander plek opgepas. Op laerskool leer ons hoe om te 5.5 **(read – gee die Afrikaanse woord)** en skryf en ons speel ook baie. 5.6 **(Wanneer / Toe – kies die korrekte voegwoord)** ons hoërskool toe gaan, gebeur daar baie 5.7 **(opgewonde / opwindende – kies die korrekte woord)** dinge. In graad 8 word ons 5.8 **(14 – skryf die getal uit)** jaar oud en ons leer gou hoe ´n ware St John's-meisie haar met trots gedra. Ons vrolike 5.9 **(yellow – gee die Afrikaanse woord)** 5.10 **(rokke – gee die verkleining)** dra by tot ´n opgewekte stemming. In graad 9 gaan ons op die groot Uhambo-avontuur en ons moet ons 5.11 **(ma – gee die meervoud)** en ons vriende groet. Dit is baie 5.12 **(maklik – gee die antoniem)** maar ons is 5.13 **(dapper – gee die vergrotende trap)** as wat mense dink! In graad 10 is ons al dames en word ons baie volwasse. Ons kan ook aangeneem word. Ons leer baie by Dominee Pickford en ons geniet die tye in die 5.14 **(kapel / kappel – kies die korrekte woord)** . Die beste van als in graad 10 is egter dat ons ons 5.15 **(eier / eie – kies die korrekte woord)** vakke kan 5.16 **(kies / keuse – gee die korrekte woord)**.

**16x½ = 8 punte**

VRAAG 6 KOMMUNIKASIE

- Lees die inligting hieronder, wat op die spotprent gebaseer is, deeglik deur.
- Voer die instruksies, wat by elke situasie gevra word, uit.
- Skryf elke keer die woorde neer van die persoon wat praat.
- Elke respons moet **15-20 woorde** lank wees.
- Skryf jou **woordtelling** neer.




(Uit: Sunday Times Lifestyle, 5 Februarie 2006)

Die man en vrou eet saam by ´n deftige restaurant. Die man het sy vrou so pas vertel dat hulle nie meer oorsee kan gaan nie.

6.1 Die vrou is **verskriklik ontsteld** en spreek haar groot t**eleurstelling** uit. Wat sê **sy**? (2)

6.2 Die man probeer **om verskoning vra** en sê waarom hulle nie meer oorsee kan gaan nie. Wat sê **hy**? (2)

6.3 Die vrou is **kwaad en teleurgesteld** maar sy verstaan haar man. Wat sê **sy**?(2)

**6 punte**

**AFDELING B: 30 PUNTE**

AFDELING C POËSIE

Lees die onderstaande gedigte en beantwoord dan die vrae wat daarop volg

VRAAG 7 .

## ***SKOOL*** ***MELLCOM ADAMS***

Elke dag issie same
jy kom by die skool
skryf gister se huiswerk af
leen ‘n skêr en Pritt
plak hie en da
vra vir jou tjommie
wat kry julle die periode hierna

Jy kom innie klas
jy word uitgeskel
oor goed wat jy gedoen het
en goed wat jy nie gedoen hettie
jy skryf ´n 50-punttoets
oor chemikalieë en Hendrik Verwoerd

Jy kom innie Afrikaanse klas
word gemoer met
punte, vraagtekens en beletsels
selfstandige naamwoorde, bywoorde en
werkwoorde soos
Donder

Die laaste periode is jy vasgevang
tussen vier hoeke en Pythagoras
deel of maal
optel of aftrek
Pokémon of Dub
hamburgers of chips
jou girl of jou bra
en skielik lui die klok
toe is jou skooldag oek kla

7.1 Waarom, dink jy, is die woorde ˝Elke dag issie same“ so effektief as **boodskap** van die gedig? (1)

7.2 Noem **2 dinge** wat bewys dat hierdie seun nie geïnteresseerd in sy skoolwerk

is nie. **Haal** uit die gedig **aan.** ( ½+½=1)

7.3 Watter rol speel die woorde ˝hettie, issie, innie, oek“ in die gedig? (½)

7.4 Lees die volgende paragraaf versigtig deur en vul net die ontbrekende woorde In. Skryf net die nommer en die ontbrekende woorde neer.

Daar word in die klas baie met die seun 7.4.1........... oor dinge wat hy dalk verkeerd gedoen het. Die feit dat hy ´n toets moet skryf, is vir hom ´n verrassing. Hy moet oor twee vakke ‘n toets skryf, naamlik 7.4.2................. en 7.4.3………………….. . (½ x 3= 1½)

7.5 Watter funksie het die woord ˝**Donder**“ in strofe 3 reël 19? (½)

7.6 Waruit kan ons in strofe 4 aflei dat die seun dalk **honger** is? (½)

**5 punte**

VRAAG 8

**My hart is ´n hamburger - Jaco Jacobs**

Ek spaar vir ‘n kitaar om my songs
vir jou te speel. My sad en silly songs
wat ek net vir jou wil sing. Dis die enigste
rede waarom ek naweke waiter.
Maar vroeër vanaand was jy
onverwags saam met
hom
hier by die Spur en sommerso
on the spur of the moment het ek
my hart in ´n hamburger bun voor jou
neergesit (tjips, geen uieringe) en gesê:
˝Lekker eet.“



8.1 Skryf slegs die korrekte letter langs die gepaste vraagnommer neer.

Die titel ˝My hart is ´n hamburger“ is ´n voorbeeld van ...

A vergelyking

B metafoor

C enjambement

D wending (½)

8.2 Watter woord dui aan dat hy die liedjies **slegs** vir haar wou sing? (½)

8.3 Wat is die funksie van die enjambement in die eerste paar versreëls? Noem **twee dinge.** (1)

8.4 Hoekom is die woord ˝maar“ (reël 5) belangrik? (½)

8.5 Waarom is ˝hom“ (reël 7) **alleen geplaas**? Verduidelik kortliks. (1)

8.6 Skryf slegs die korrekte letter langs die gepaste vraagnommer neer.
Die spreker is oor naweke ´n kelner omdat hy ...

A geld wil spaar om liedjies te kan sing.

B geld wil spaar om ´n kitaar te koop.

C baie graag hamburgers by Spur eet.

D sy ouers met skoolfooie wil help. (½)

8.7 Wat impliseer die woorde ˝Lekker eet“ (reël 12) ? (1)

**5 punte**

**AFDELING B : 10 PUNTE**

**GROOTTOTAAL: 70 PUNTE**